'n Bietjie praat met Jesus maak dit reg. – deur P.K. Odendaal Jul. 2007

Is u verwytend of selfs verbitterd teenoor die Here omdat dinge in u lewe nie loop soos u dit graag wil hê nie.

Is u gelowig ?

As u bevestigend op altwee antwoord is hierdie getuienis vir u (en my).

Daar is twee mooi voorbeelde in die bybel waar 'n persoon gegaan het van beskuldigings teen die Here tot lofprysing van Hom en altwee het dieselfde geheim uitgevind – en dit is om met die Here self te praat .. al is it net 'n paar woorde

Die eerste en mooiste is die van Jeremia.

In Klaagliedere 3 verwyt Jeremia die Here vir al die moeilikheid wat sy pad langs gekom het, maar hy vertel dit nie vir die Here nie, hy spreek die Here aan in die derde persoon – soos om van iemand te skinder en kwaad te praat.

Lees Klaag. 3:1-16. In hierdie 16 verse vertel Jeremia ons (en die wêreld daarbuite) hoe sleg die Here hom behandel **HET**, en hoe swaar hy gekry **HET**. Hy kyk nie na sy huidige situasie nie, maar delf ou koeie uit die verlede uit op.

Van sy beskuldigings wys dat hy verbitterd is oor hierdie omstandighede - soos in vers 15 praat hy van bitter kruie en wilde-als wat hy ingekry het en waarvan hy versadig is en genoeg gehad het.

Dit laat mens dink aan die geval waar hulle vir die Here Jesus gal wou ingee aan die kruis, en wat hy geweier het. Jeremia het egter nie daaraan gedink om die kruie en wilde-als te weier toe dit sy pad langs kom nie en dit het hom so verbitterd laat word.

Dit val mens ook op dat Jeremia die heeltyd van homself praat ..

v1. **Ek** is die man…

v2. **My** het Hy gelei … nie Hy het my gelei nie

Wat mens veral opval is dat Jeremia heeltyd **van** die Here praat en nie eenkeer **met** die Here praat nie. Ons is so lief om vir ander mense te vertel hoe sleg dit met ons gaan en hoe die Here ons in die steek gelaat het in plaas daarvan om dit vir die Here te vertel of om met die Here te praat.

Wat mens ook opval is dat meeste van hierdie verwyte nie aan die Here se toedoen toegeskryf kan word nie.

Soos in vers 2 word gesê die Here het hom laat wandel in duisternis sonder lig, terwyl die skrif duidelik sê in Joh 1 dat die Here die lig van die wêreld is, en daarom kan ek aanneem dat dit 'n valse verwyt is.

Vervolgens verwyt hy die Here in vers 7 dat die Here hom toegemuur het sodat hy nie kan uitkom nie, terwyl die skrif sê dat ons eie sondes 'n muur tussen ons en die Here opgebou het. Dit is dan ook 'n valse verwyt.

Hy verwyt die Here ook in vers 8 dat die Here nie sy gebed antwoord nie terwyl die skrif sê in Joh 14:14 .. as julle iets in my Naam vra sal ek dit doen.

As slotsom kan ons sê nie een van Jeremia se verwyte was gegrond nie.

In vers 17 kry ons 'n skielike en wonderlike wending in Jeremia se gesanik – want ewe skielik begin hy die Here direk aanspreek … **U** het my siel van die vrede verstoot - en terselfdertyd aanvaar hy dat hy self verantwoordelik is vir sy swaarkry … **ek** het die goeie vergeet. Ook in vers 18 besef hy dat sy hoop op die Here vergaan het.

Toe hy in verse 19 tot 21 dink aan al hierdie swaarkry het hy hom verneder (sy siel het in hom neergebuig), toe besef hy hoeveel hy het om oor dankbaar te wees (dink aan die hede – nie die verlede) – en toe vlam die hoop dadelik weer op – en toe die hoop opvlam, toe kon hy die Here weer begin prys in vers 22.

Van vers 22 tot vers 32 bars hy uit in lofprysing teenoor die Here gedryf deur die nuwe hoop wat hy in Hom gevind het.

In vers 33 kom hy tot die waardevolle besinning dat die Here sy swaarkry gladnie geniet het nie, maar dat die Here hom inteendeel baie jammer gekry het in sy omstandighede. Ook dat, al beproef die Here hom, doen die Here dit halfhartig – omdat die Here nie regtig wil hê hy moet swaarkry nie, maar dat hy hom moet bekeer. Vers 33 … want nie van harte verdruk of beproef Hy die mensekinders nie.

Jeremia se gesindheid verander so drasties dat waar hy in vers 8 sê die Here laat sy gebed onverhoord sê hy nou in vers 37 .. Wie spreek daar en dit gebeur, Het die Here dit nie beveel nie ?

Hy kom ook in vers 39 tot die gevolgtrekking dat 'n klaaglied niks help nie, maar dat die mens hom liewer moet bekeer v.39 .. Wat klaag 'n mens in sy lewe ? Laat elkeen klaag oor sy sondes. Laat ons ons weë naspeur en deursoek en ons tot die Here bekeer…

Visit www.whatafriend.co.za for more information. These articles are given freely to everybody. You may use this material freely in your home, or church. You may also reproduce for non-commercial purposes, provided that you include copyright and contact information. All other uses, or selling is illegal.

Soos dit so baie in ons eie lewens gebeur, het hierdie hoop en lofprysing gestop en weer plek gemaak vir verwyte en bitterheid. Net toe Jeremia weer oor die verlede begin dink, het hy weer die Here begin verwyt – sien verse 42 tot 45 – hy verwyt die Here , maar spreek ten minste nog die Here direk aan.

Hierdie verwyte teen die Here laat hom weer diep in die kuil neerdaal totdat hy in vers 50 weer net **van** die Here praat en nie **met** die Here nie.

Gelukkig het hy in sy vorige dwaling besef hy hoef net weer direk met die Here te praat om uit hierdie kuil te kom, en ons sien so duidelik die uitwerking van hierdie wonderlike raad.. vers 55 Ek roep U aan Here, uit die onderste kuil. U hoor my stem !!!!! Hy besef dadelik dat hy weer in die onderste kuil geraak het, maar hierdie keer weet hy dat die Here antwoord as hy roep. vers 57 .. U kom nader die dag as ek U aanroep.

Die volgende voorbeeld is van Asaf in Psalm 77.

In verse 5 tot 10 dink Asaf aan die ou tyd (goed of sleg) en in vers 8 praat hy **VAN** die Here.

Soos met Jeremia kom die wending in vers 11 tot 13 toe hy die Here as u begin aanspreek.

Die heerlike gevolg is weereens soos in Jeremia dat hy in verse 14 tot die einde die Here prys vir al die wonderdade wat die Here gedoen het.

Verwyt u die Here en praat u net VAN Hom ?

Volg net hierdie resep en u sal baie gou weer die Here kan begin prys uit u hart uit.

WHAT A FRIEND

Visit www.whatafriend.co.za for more information. These articles are given freely to everybody. You may use this material freely in your home, or church. You may also reproduce for non-commercial purposes, provided that you include copyright and contact information. All other uses, or selling is illegal.